

## **Gereformeerde Kerk Bellville – 19 Junie 2016 – Oggend**

**Sing vooraf staande:** Psalm 84:3, 4 (p. 425)

- 3 Welsalig is die mensekind / wat al sy sterkte<sup>o</sup>in U mag vind,  
en op mag gaan na Sions hoogte. / Wanneer hul haas van dors verkwyn,  
dan is die HEER self hul fontein / waar dorsland smag van somerdroogte.  
Ook sal 'n reën hul daar oordek / wat hul tot nuwe lewe wek.
- 4 Hul sal van krag tot krag steeds gaan / totdat hul voet in Sion staan:  
geeneen wat daar nie sal verskyn nie. / Let, HEER der leërskaare, let  
op my geroep, hoor my gebed, / en laat my nie in druk verkwyn nie.  
Leen my 'n toegeneë oor; / o Jakobs God, gee my gehoor!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Lofpsalm 89:3, 6 (p. 444)

- 3 Die hemel loof, o HEER, u wonderbare mag; / die eng'le prys u trou en waarheid dag en nag.  
Want in die hemel is daar niemand U gelyk nie; / geen seraf wat voor U die vleuel nie moet stryk nie.  
U's groteliks gedug en eind'loos in vermoë, / u onverbreekb're trou omring U voor hul oë.
- 6 Hoe salig is die volk wat luister na u woord, / hul wandel in die lig wat van U afstraal, voort.  
Hul sal hul in u diens, waaraan hul toegewy is, / die ganse dag verheug, omdat hul in U bly is;  
hul prys u grote krag wat alle krag oortref het, / en u geregtigheid wat hul weer opgehef het.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Skrifberyming 9-3:1, 2

- 1 Voor u wet, Heer, staan ons skuldig. / Liefde is die groot gebod!  
Liefde is ons steeds verskuldig / aan ons naaste en ons God.  
Ons wil u gebod bewaar, / maar ons struikel baie kere.  
Leer ons liefde vir mekaar, / maar bo al vir U, o Here.
- 2 Liefde doen aan niemand kwaad nie – / dis vervulling van die Wet.  
Dié gebod mag ons nie laat nie, / maar met ywer daarop let.  
Ons weet, ver is reeds die nag; / ken die tydsomstandighede –  
weldra breek die volle dag. / Wek ons, Heer, uit valse vrede!

Gebed

Psalm 50:5, 6 (p. 255)

- 5 “Geen stier hoof 'k uit jou huis te lei / of offerdiere uit jou kraal:  
die diere wat in wildheid wei, / kan Ek van duisend berge haal.  
Die voëls op die berge vry, / al wat beweeg – dit hoort aan My.”
- 6 “Dus sal 'k, o mens, na j<sup>o</sup>u nie kom, / en het Ek honger, j<sup>o</sup>u nie vra:  
die aarde is my eiendom / en al die volheid wat hy dra.  
Sou Ek op stierevleis dan wag, / op bloed van bokke, vars geslag?”

**Skriflesing:** Amos 5:1-27

**Kernverse:** Amos 5:24

**Maar laat die reg aanrol soos watergolwe, en geregtigheid soos 'n stand-houdende stroom.**

(Amos 5:24 AFR53)

## **Tema:** Die geregtigheid van Christus beklee die Christen se ganse lewe

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, die Heilige Gees het ons in hierdie reeks uit Amos 5 al met twee vrae gekonfronteer. Hierdie vrae is net so relevant vir ons in die een en twintigste eeu as wat dit van belang was vir die Israeliete in die agtste eeu voor Christus. Die eerste vraag het verband gehou met die aanbiddingsplek in Bet-El. Die vraag is: Watter bewys is daar dat die mense die lewegewende en lewensveranderende God in die erediens by Bet-El ontmoet het?

In verband met die aanbiddingsplek in Berseba was die vraag: As 'n mens beweer dat hy met God wandel en die gemeenskap met God geniet, hoe word dit duidelik in sy lewe? Watter bewys is daar vir so 'n bewering?

Vanoggend kom ons by die derde vraag wat verband hou met die aanbiddingsplek in Gilgal. En die vraag hier is: Op grond waarvan kan 'n mens seker wees dat hy die beloofde land as erfenis besit? Watter bewyse het 'n mens dus dat jy nie maar 'n bywoner is nie maar regtig 'n burger in die beloofde land?

Vir ons wat in die een en twintigste eeu in Bellville lewe, sal hierdie vraag vertaal moet word. En ons kan die vraag so verwoord: Op grond waarvan kan 'n mens seker wees dat hy regtig 'n burger in die koninkryk van God is? Watter bewyse is daar dat die erfenis wat God in Christus aan die Christene belowe ook vir ons geld? Met ander woorde, is ons seker dat ons name ook in die testament van Christus genoem word?

Broers, susters en kinders, voordat ons by die antwoorde op hierdie vrae kom, moet ons net eers kyk hoekom Gilgal so 'n besondere plek vir Israel was. Dan sal ons die openbaring in vers 21 tot 27 beter begryp.

Gilgal was die eerste plek in die beloofde land aan die westekant van die Jordaanrivier waar Israel vertoef het. Toe Josua die volk deur die Jordaanrivier gelei het, het Israel in Gilgal kamp opgeslaan. Hulle het 'n gedenkteken met twaalf klippe uit die Jordaanrivier in Gilgal opgerig. Hierdie monument is opgerig ter herinnering aan die wonderbaarlike deur-tog deur die Jordaanrivier (Jos 4).

By Gilgal is die hele volk weer bevestig as die verbondsvolk van die Here. Al die mans is daar in Gilgal besny. Hulle het ook by Gilgal die eerste paasfees in die beloofde land gevier. En dit is asof die Here ook dan bevestig dat hulle nou in die beloofde land gekom het soos Hy beloop het. Van daardie dag van die paasfees af het die Here nie meer manna gegee nie en die volk het van die opbrengs van die beloofde land geëet (Jos 5:2-12). Josua het Gilgal ook die hoofkwartier gemaak van waar Israel die beloofde land verder in besit geneem het onder leiding van die Here.

Gilgal is ook die plek waar Saul se koningskap as die eerste koning van Israel bevestig is (1 Sam 11:14). En omdat die tien noordelike stamme besonder lojaal teenoor Saul was (2 Sam 2:8-10), was hierdie aanbiddingsplek by Gilgal vir hulle nog meer besonders.

Die boodskap waaraan gedink is wanneer die naam Gilgal gehoor word, is dat die volk die erfenis en besit van die beloofde land gekry het net soos die Here belowe het. Daarom kan 'n mens verwag dat die skok groot was toe Amos verkondig het dat hulle nie na Gilgal moes trek om te aanbid nie. Hulle moes eerder die Here self soek sodat hulle kon lewe. En toe hulle nog moes hoor dat Gilgal in ballingskap sal gaan ver anderkant Damaskus was die skok nog groter. Hoe kan dit dan wees dat dieselfde Here wat die erfenis van die

beloofde land aan sy volk gegee het hulle uit die land gaan dryf in ballingskap in? Kyk net hoe toegewyd en met oorgawe vereer hulle die Here met offers en musiek in Gilgal.

Daar was inderdaad geen tekort aan godsdienst by Gilgal nie. Israel het nie afgeskeep wat hulle godsdienst betref nie. Vir hulle was dit 'n saak van groot erns. Die feeste is die een na die ander gehou soos wat die Here dit voorgeskryf het. Die feesdae was so te sê met rooi omkring op hulle kalender. Dit is dae wat jy nie mag vergeet nie.

Daarmee saam het hulle die godsdienstige voorregte voluit aangegryp. Hulle die aanbiddingsplek in Gilgal se drumpel behoorlik deurgetrap met al die offers wat hulle vir die Here gebring het. Dit was brandoffers en spysoffers en dankoffers. Dink net aan die groot kostes wat Israel aangegaan het om hierdie baie offers vir die Here te bring. By elkeen van hierdie offers was daar diere betrokke. Dag vir dag is daar wie weet hoeveel diere aan die Here geoffer.

En om dit alles te kroon was daar musiek – baie musiek wat met oorgawe gemaak is en liedere wat uit volle bors gesing is. Die Here het dan die beloofde land aan hulle gegee as hulle besitting. Daarom is dit gepas dat hulle lof en dank aan die Here bring. Die beloofde land is hulle erfenis en hulle het dit in besit. Dit is mos die boodskap wat gepaard gaan met die naam Gilgal.

Die verkondiging van Amos moes soos yskoue water in Israel se gesig gewees het. Vol vreugde en blydschap hou hulle fees, bring hulle offers en sing hulle liedere, maar die Here hou niks daarvan nie. Nog erger! Die Here haat en verag hulle feeste. Die offers wat hulle met soveel ywer bring is nie 'n welriekende geur wat opstyg na die Here nie. Dit is eerder 'n walglike stank wat opstyg na die Here toe. En daardie liedere en musiek is nie vir die Here mooi nie. Dit is eerder 'n oorverdwende geraas waarna Hy nie wil luister nie.

Dink net hoe skokkend dit vir ons sal wees as die Here vir ons kom sê dat Hy geen welgevallen in ons eredienste het nie. Ons het met soveel vreugde opgekom om die Here te kom loof en dank vir die verlossing wat Hy in Christus aan ons geskenk het. Ons sing uit volle bors die liedere waarin sy eer en lof verkondig word. Ons bring ons dank in gebed na Hom. Maar Hy laat ons duidelik verstaan dat hierdie erediens Hom glad nie aanstaan nie. Ons gebede klink eerder vir Hom na 'n gesanik en die liedere is vir Hom 'n geraas. Met toegeknypte oë hou Hy sy hande na ons uit en sê vir ons dat ons net moet ophou waarmee ons besig is.

Maar wat was fout met Israel se eredienste daar by Gilgal? In ons kernvers sê die Here duidelik wat fout is.

**Maar laat die reg aanrol soos watergolwe, en geregtigheid soos 'n standhoudende stroom. (Amos 5:24 AFR53)**

Wat Israel gedoen het wanneer hulle in Bet-El gaan aanbid het, het hulle hier in Gilgal ook gedoen. Voordat hulle in Bet-El gaan aanbid het, het hulle die reg in wildeals verander en die geregtigheid teen die grond neergegooi. Dan verskyn hulle in Bet-El by die erediens en sing hierdie mooi lied van hoe God veranderings bring waar Hy werk. Maar as hulle terug-keer by die huis en die werk gaan hulle eenvoudig voort om die reg te verwerp en die geregtigheid teen die grond neer te gooi. Dit wat hulle sê by Bet-El gebeur – God gee lewe en bring 'n lewensverandering – het nie met hulle gebeur nie, want hulle wil nie verander nie.

Hier by Gilgal sien ons hoekom daar geen verandering by Israel se lewe kom nie. Wat in

die erediens gebeur bly in die erediens. Daar word nie verder daarvoor gepraat nie, want dit

hoort by die erediens en nie by die huis en die werkplek nie. Die erediens in Gilgal was 'n waterdigte kompartement waarin Israel met oorgawe tekere gegaan het. Daardie godsdiens in Gilgal het niks verder met die lewe te doen nie, want die lewe is 'n ander groter kompartement in Israel se lewe.

Maar wat is hierdie reg en geregtigheid wat die Here wil hê soos golwe moet aanrol en 'n standhoudende stroom wees? Geregtigheid dui op 'n standaard waaraan 'n mens voldoen. In die Bybel beteken geregtigheid gewoonlik dat 'n mens aan die standaard van God vol-doen. God wil hê dat die mense wat aan Hom behoort heilig sal wees, want Hy is heilig. Ge-regtigheid beteken dus dat 'n gelowige deur die Heilige Gees van binne af hervorm en nuut gemaak word. Dit is om die gelowige so opreg te maak soos wat God opreg is. Wanneer geregtigheid in die gelowige neerslag vind en dit al sterker groei dan staan die gelowige in 'n verhouding van vrede met God. Die Here vind dan niks verkeerd in so 'n mens nie.

Vir die Christen beteken geregtigheid dat die Heilige Gees hom so volledig met Christus se geregtigheid, heiligheid en gehoorsaamheid beklee dat die heilige God niks verkeerd in hom kan vind nie. In die taal wat mense elke dag praat, sal 'n mens sê so 'n mens se saak is honderd persent reg met God. En dit is nie oor iets wat hierdie mens gedoen het nie, maar oor wat God in en met hom gedoen het. God die Vader het sy eniggebore Seun gegee om hierdie mens van sy sonde en skuld te verlos. Met sy kosbare bloed het Jesus hierdie mens dan losgekoop van die heerskappy van die sonde en die duiwel.

Die Heilige Gees wek die ware geloof in hierdie mens op en lyf hom met die ware geloof in Christus in. Sodoende maak die Gees dit wat aan Christus behoort – heiligheid, geregtigheid en gehoorsaamheid – die eienskappe van die Christen. Dit is alleen deur die werk van Christus en die Heilige Gees dat die Christen dan so opreg voor God kan staan as wat God self opreg is.

Geregtigheid moet 'n standhoudende stroom wees by die gelowige. Voortdurend moet die gelowige hom onderwerp aan die kragtige werk van die Heilige Gees sodat geregtigheid aanhoudend kan groei in hom.

Reg is dan die uitvloeisel van die geregtigheid. Omdat die gelowige inpas en aanpas by die heilige standaard van God en voortdurend daarin groei, word sy lewe na buite beïnvloed deur die geregtigheid. Hy gaan tree met reg op teenoor ander mense en die hele skepping. Ander mense word nie vertrap en verdruk omdat hulle minder bevoorreg is nie. Die behoeftige word dan nie meer in die poort verstoot wanneer hy na reg kom soek nie. Die samelewing word hervorm deur die regte optrede van die gelowige sodat die regverdige nie meer sal swyg nie maar sal praat wanneer daar onreg en korrupsie plaasvind.

Vir die Christen beteken reg in hierdie sin dat hy werklik die beeld van Christus sal vertoon in sy lewe. Sy optrede teenoor ander mense en sy optrede teenoor die skepping sal in presies dieselfde voetspore as Jesus s'n wees – nie omdat hy so goed is nie maar omdat die geregtigheid 'n standhoudende stroom in hom is. En die liefde en genade wat hy van die Here deur Christus ontvang rol soos golwe van hom af uit in sy lewe van elke dag.

Ons kan hier een praktiese voorbeeld noem vanuit die gebed wat Jesus ons leer bid. In

die *Onse Vader* leer Jesus ons om te bid: *En vergeef ons ons skulde net soos ons ook ons skuldenaars vergewe*. Na aanleiding van ons belydenis in die Heidelbergse Kategismus behoort dit dan so te werk: Omdat die Christen ter wille van Christus se offer aan die kruis vergifnis vir sy sondes by God ontvang het, gaan hy uit dankbaarheid vir die Here se genade ook die mense vergewe wat teenoor hom verkeerd opgetree het.

Maar wat het Israel gedoen? Hulle was ewe godsdienstig in die erediens in Gilgal. Maar toe hulle uit die erediens uitstap, het hulle godsdienstigheid net mooitjies daar agtergebly. In plaas daarvan dat hulle godsdienstigheid in die erediens uitgestroom het in die kanale van hulle lewe by die huis en die werkplek het hulle niks van die geregtigheid wat hulle moes leer laat uitvloei in die regte optrede nie.

Omdat dit gebeur het, laat dit 'n mens wonder wat hulle dan van die offers gedink het wat hulle met soveel ywer vir die Here gebring het. As hulle werklik besef het waarom elkeen van die offers gegaan het, sou hulle ten minste al moes besef het dat dit wat hulle in Gilgal in die erediens gedoen het nie daar kon bly nie. 'n Brandoffer is tog gebring aan die Here omdat die gelowige daarmee bely het dat hy sy hele lewe aan die Here toewy – dat hy die Here nie net in die erediens gaan dien nie, maar oral in sy lewe, en dat hy niks gaan terughou om die Here in sy hele lewe te dien nie.

Die wesenlike betekenis van die spysoffer was die gemeenskap wat die gelowige met God het en met ander gelowiges, in besonder die hulpeloses. Maar wat is die nut daarvan om offers te bring as die gelowige se lewe nie van heiliging getuig nie. Hoe kan daar ewe vroom gemeenskap by die offer wees, maar daar is nie reg en regverdigheid in die onderlinge verhoudings buite die erediens nie? Al hierdie offers is dan nutteloos, want die erediens en godsdiens word mooi netjies binne-in die aanbiddingsplek verseël.

Geliefdes, die Bybel ken nie so iets soos 'n lewe wat in waterdigte kompartemente opgedeel is nie. Ons lewe hier in die erediens is nie en mag nie 'n ander lewe wees as die lewe wat ons daar buite by die huis, tussen vriende en by die werkplek lei nie. Daarom behoort daar nie so iets te wees soos 'n Sondag-gesig en 'n ander-dag-van-die-week-gesig nie. Wat ons hier in die erediens doen, het alles te doen met ons lewe daar buite. En wat die Here ons hier leer en wat Hy hier met ons doen, moet uitvloei in ons lewe daar buite.

En nooit mag 'n mens dink dat wanneer jy allerhande lof- en dankliedere vir die Here gesing het en jy met oorgawe deelgeneem het aan die gebed en die dankoffer in die erediens jy nou maar weer jou Maandag tot Saterdag kan aanpak soos wat jy dit wil doen nie. Israel het gedink as hulle al hierdie offers en feeste hou met die baie musiek en liedere die Here tevrede sal wees en hulle in vrede laat met alles waarmee hulle buite die erediens besig is. 'n Mens kan nie vir die Here 'n rat voor die oë draai nie. Die rook van die offers gaan nie in die Here se oë in sodat hy nie die onreg kan sien waarmee 'n mens buite die erediens besig is nie. En die geluid van die liedere en musiek gaan nie die gehuil van die behoeftiges by die Here uitdoof nie.

Indien ons gedink het dat erediens maar net 'n speletjie is waarmee ons die Here so 'n bietjie op 'n Sondag kan vermaak en Hom paai, dan moet ons ons nou daarvan bekeer. Die Here laat nie met Hom speel nie. Israel is 'n duidelike bewys daarvan. Hy het hulle uit hulle land weggeneem in ballingskap in. Indien die Heilige Gees se werk hier in die erediens ons lewens daar buite rig en regeer, laat ons onself nog meer aan Hom onderwerp sodat ons werklik die beeld van God buite die erediens kan vertoon soos wat Hy dit verlang.

## **Amen!**

### Slotgebed

Psalm 40:4, 5 (p. 205)

- 4 Net om u wil te doen soos in u Boek / die wonderskrif wat nooit vergaan –  
dit klaar van my geteken staan, / dit wil ek, HEER, van ganser harte seek.  
Ek bied U hart en hande / in will'ge offerande – / al wat ek is en het;  
diep in my ingewand / waar liefde en ywer brand, / draag ek u heil'ge wet.
- 5 Nou sal ek u geregtigheid laat hoor: / daarvan in groot vergadering  
vryuit die blye boodskap bring, / uit dankbaarheid tot sanglus aangespoor.  
U trou wat nooit beswyk het, / u heil wat ons geblyk het, u guns oneindig groot –  
sal ek my hulde bring / in groot vergadering / van vriend en gunsgenoot.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

**Amen.**

Ds Coen Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
19 Junie 2016